# WEGRAPING – BYBELS OF NIE?

Bybelstudie 2025

# WAAR KOM DIE IDEE VANDAAN?

Vraag:

Wat staan regtig in die Bybel?

Uit die Bybel!

- Genesis 5: Henog is deur God opgeneem
- Johannes 14: Jesus berei plek voor en kom haal Sy kinders
- 1 Tessalonisense 3: Ons moet onberispelik wees as Jesus met die heiliges terugkeer.

# WAAR KOM DIE IDEE VANDAAN?

Uit die Bybel!

Genesis 5: Henog is deur God opgeneem

Nadat hy Metusalag verwek het, het Henog driehonderd jaar lank naby God geleef, en hy het seuns en dogters verwek. Henog het altesaam 365 jaar lank gele[illegible]og het naby God gele[illegible], en hy was nie meer daar nie, want God het hom weggeneem.

Vrae:

Is daar nog mense in die Bybel wat weggeneem is omdat hulle naby God geleef het?

Sê God dat hy ons sal wegneem as ons naby God leef?

# WAAR KOM DIE IDEE VANDAAN?

## Johannes 14: Jesus berei plek voor en kom haal Sy kinders

Vrae:

Uit die Bybel!

In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is

Wanneer gebeur dit?

Hy praat met sy dissipels. Is hulle weggeraap?

# WAAR KOM DIE IDEE VANDAAN?

Uit die Bybel!

I Tessalonisense 3: Ons moet onberispelik wees as Jesus met die heiliges terugkeer

En mag God ons Vader self, en ons Here Jesus, ons pad na julle rig; mag die Here julle liefde vir mekaar en vir almal laat toeneem en oorvloedig maak, soos ons li ook is. Mag Hy julle harte versterk, sodat julle met die koms van ons Here Jesus, saam met al sy heiliges, onberispelik in heiligheid voor ons God en Vader kan wees. Amen.

Vrae:

Word hier enigsins gesê dat daar heiliges is wat onderskei word van die gelowiges op aarde?

Sê God dat "onberispelik in heiligheid" 'n voorwaarde is vir gelowiges?

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 1: Ontmoeting met Christus

1 Tessalonisense 4: Christus kom haal sy Bruidsgemeente

Hulle ontvang verheerlikte liggame (1 Kor 15:51-53)

Christus is weggeruk met die hemelvaart – ook Paulus (2 Kor 12:2)

## Vrae:

**1: Waar lees ons die begrip "ware gelowiges" in 1 Tessalonisense 4 of elders in die Bybel?**

Nêrens!

**2: Is Openbaring 12:5 en 2 Korintiërs 12:2 "bewys" van 'n "wegraping"?**

Nee.
Die begrip dat Christus "weggeruk" is, is onbekend in die Bybel.
Paulus is inderdaad weggeruk, maar hyself weet nie of dit binne of buite die liggaam was nie. Verder: hy is steeds op aarde as hy hier verhaal wat gebeur het.

* Opsomming van Prof Johan Malan se argumente "Uit die Bybel"

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 2: Ingryping deur God

Bonatuurlike verskynsel

Lukas 17: aangeneem en verlaat

Daar is 'n skok-effek

Meerderheid sal mislei word na die wegraping

## Vrae:

**3: Is Lukas 17:34—36 bewys van 'n ingrype deur God? Wat sou dié verse anders beteken?**

In Lukas 17 is GEEN sprake ingrype nie.
Hier word bloot gestel dat nie almal waarlik glo en daarom sal net die ware gelowiges verlos word.

**4: Wat is die doel van die onverwagsheid van die wederkoms?**

Dat die gelowige nie verslap in sy / haar diens aan God nie

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 3: Opstandingsliggaam

Dooies moet onverganklike liggame kry.

Ontvang 'n verheerlikte liggaam

Eerste opstanding

Tweede opstanding

**Vrae:**

5: Vergelyk 1 Korintiërs15:51—53 met Filippense 3:20, 21. Is hier bewyse dat die opstandingsliggaam "in die hemel" gaan wees?

Nee. Openbaring 21 stel duidelik dat die gelowige met God op die nuwe aarde gaan woon.

6: Is daar enige sprake van wegraping in Openbaring 20:5, 6?

Nee. "Eerste opstanding" beteken nie wegraping nie. Dis 'n opstaan uit die dood. Hulle wat in Christus gesterf het.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

Vrae:

## 4: Skei ware en naam-Christene

Skei wedergeborenes en vormgodsdiens

Jy moet seker maak dat jy nie te lig bevind word nie

7: Watter aanduiding is daar dat die 5 maagde "naam-gelowiges" was?

Nee. Dis 'n gelykenis en mag nie letterlik verklaar word nie.

8: Watter aanduiding is daar dat Johannes 3:3 verwys na "naam-gelowiges"?

Geen. Hier word gepraat van die noodsaak van die wedergeboorte, en dat dit iets is wat God doen, nie die mens nie

9: Waaroor handel Hebreërs 4:1

Konteks! Sterf IN Christus. Gelowiges moet na mekaar omsien dat hulle gehoorsaam leef aan die HERE.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 5: Einde van tydperk (dispensasie)

Die ware kerk word weggeraap

Vuil word vuiler
regverdig regverdiger (Op 22:11)

Volharding is nodig

**Vrae:**

**10: Is daar sprake van die valse kerk wat gaan "agterbly" in 1 Joh. 4:1—6?**

Inderdaad – maar OMDAT jy gered is, nie SODAT jy gered word nie.

**11: Is daar sprake van die valse kerk wat gaan "agterbly" in Openbaring 22:11?**

Nee. Hierdie is die laaste bemoedigings en vermanings vir die kerk wat wag vir die wederkoms.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## Vrae:

### 6: Antichris geopenbaar

Christene staan openbaring van Antichris teë.

Antichris regeer na wegraping

12: Vergelyk 2 Tessalonisense 2:6—10 met 1 Johannes 2:18—29. Wanneer word die werke van die antichris geopenbaar?

2 Tessalonisense 2 praat nie van die antichris nie, maar van die afvalligheid deur die misleiding van Satan.
1 Johannes 2. Antichis kom, maar baie antichriste. Defenisie van antichris: *hy wat die Vader en die Seun loën*. Dit gebeur elke dag!

13: Is die antichris 'n spesifieke persoon? Moriveer u antwoord.

Kan wees – maar dit is eerder die optrede van 'n persoon TEEN God

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 7: Motiveer standvastigheid

Vrae:

Afname in ywer en liefde vir God

14: Gebruik God ooit vrees om die mens te "motiveer" om standvastig in die geloof te word?

Nee. God pers nie die mens af nie.
God sluit die verbond. Hy mak Hom vas aan die mens. Die ganade is 'n werklikheid sonder enige inset van die mense.
Die mens het die verantwoordelikheid om die verbond te aanvaar en onder God se heerskappy te leef. Sou die mens daarteen kies, het dit vreesaanjaende gevolge.
Vrees keer dus verkeerde keuses.

Wegraping se tyd onbekend

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 8: Ontvlugting van oordeel

Vrae:

Jy moet werd wees om die oordeel te ontvlug

Sewe jaar verdukking

Geen veroordeling nie

15: Binne konteks: wat preek Lukas 21:36? Is hier enige sprake van 'n wegraping?

Konteks: Jesus besig met prediking oor eindgebeure, veral verdrukking. Hier is geen sprake van die ontvlugting van die verdrukking nie, wel die volharding om heboue te bly.

16: Watter aanduiding gee Johannes 5:24 en 1 Tessalonisense 5:9 dat die ware gelowige nie verdruk sal word nie?

In hierdie verse is gaan sprake van 'n ander behandeling van die uitverkorenes nie. Dit sê wel dat uitverkorenes vrygespreek word omdat Christus gesterf en opgestaan het vir hulle.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 9:Verskyn voor die regterstoel

Vrae:

Jy moet rekenskap gee

17: Wat het bekering te doen met die verskyning voor God se regterstoel?

Bekering is die gevolg van die wedergeboorte. Almal, bekeerdes en onbekeerdes, moet relenskap gee. Wat het jy met God se genade gedoen?

Net Christene voor regterstoel

18: Beoordeel die "5 krone". Is dit waarvan God praat in die gedeeltes? Wat het dit met wegraping te doen?

Werke is basis vir genadeloon

Hierdie krone is die reaksie op die werk van God in Chrsittus olv die Heilige Gees. Krone wat ontvang word omdat jy bly vashou het aan die genade van God.
Nie een van die gedeeltes sê jy moet dit kroon verdien om voor die troon van God te staan nie.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

Vraag:

## 10: Reis na bruilof

Herenig met Bruidegom

Jy kan wegraping misloop

### 19: Waaroor gaan die bruilofsmaal van die Lam?

Waar die Nuwe Testament praat oor hierdie maal is daar sekere sake wat ons moet onthou:

- Gaste is uitgenooi
- Gaste moet die bruilodkleed (dankbaarheid en respek) aanhê.
- Dit gebeur as die bruidegom terugkom.
- Die hele idee van die "wegraping" is dat die mens na God gaan. Die Bruilofsmaal is wanneer die Bruidegom na sy bruid (kerk) kom.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 11: Ewige tuiste

Vrae

**Die nuwe Jerusalem**

**20: Beteken Johannes 14:2, 3 dat daar 'n wegraping sal wees?**

Binne die konteks is hier GEEN sprake van die *gaan na die* hemel toe nie, maar dat Jesus kom as Hy die plek berei het.
Wat beteken dit dat Jesus *plek berei?*
Die enigste verklaring is dat Hy die toegang tot die hemel moes oopmaak. Dit het gebeur die oomblik toe Hy gesterf het.
Met sy opstanding is dit moontlik om *in Christus* te sterf en daarom dedelik by God kan wees.

**21: Wanneer en hoe "ontstaan" die nuwe Jerusalem (Openb. 21)?**

Met die wederkoms daal die nuwe hemel af, alles word nuut gemaak, en ons kry die nuwe Jesusalem, waar almal met God elke oomblik leef.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## 12: Posisie as koning en regter

**Vrae:**

Oordeel en regeer saam met Christus

22: Is die 24 ouderlinge van Openbaring 5:9, 10) die weggeraaptes? Motiveer u antwoord.

Binne die konteks van Openbaring:

- Ons moet simbolies dink.
- Openbaring lys die 12 stamme van die Ou Testament en in die Nuwe Testament is daar 12 apostels. Simbolies van die kerk op aarde.
- Hier is GEEN aanduiding dt hulle spesiale mense (of selfs fisiese) mense is nie.

# 12 REDES VIR WEGRAPING*

## Opsomming

"As ons harte deur die wedergeboorte verander is en ook deur die vervulling met die Heilige Gees brandend vir die Here is, sal ons waardig wees om die hemelse Bruidegom te ontmoet wanneer Hy in die middernaguur kom."

## Vrae:

"Wedergeboorte is wanneer die Heilige Gees die ewige lewe in by begin. Wedergeboorte verander nie harte nie, wel bekering."

Wat is dit? Jy kan nie waarlik glo sonder die Heilige Gees nie.

Hy verkondig Christus PLUS jou werke – en dat dit jou waardig maak.

Hy weerspreek homself! Christus kom – Hy raap nie weg nie!

# I TESSALONISENSE 4:13—18

# I TESSALONISENSE 4:13—15

Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.
Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.
Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie.
Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.
Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie.

Broers, ons wil nie hê dat julle onkundig moet wees oor diegene wat ontslaap het nie, sodat julle nie treur soos die ander mense wat nie hoop het nie.
Want as ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het – God sal ook so diegene wat gesterf het, deur Jesus met Hom saamneem.
Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here: Ons wat lewe, wat agtergebly het tot die koms van die Here, sal beslis nie diegene wat gesterf het, voor wees nie.

# I TESSALONISENSE 4:16—18

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal.
Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan;
daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.
Troos mekaar dan met hierdie woorde.

Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
Daarna sal ons wat lewe en oorgebly het, saam met hulle in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. En so sal ons altyd by die Here wees.
Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

# 1. Teen watter gevaar waarsku Paulus hier?

Treur sonder hoop — I Tes 1:3

Onkunde oor ontslapenes.

(1933): die lydsaamheid van julle hoop op onse Here Jesus Christus,

(1983): die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus.

(2020): en die standvastigheid van julle hoop op ons Here Jesus Christus

Kenmerk van HOOP?

- Lydsaam (HAT: geduldig, gelate, berustend
- volhardend
- standvastig

Anker van HOOP? → Ons HERE Jesus Christus

Dus: gevaar om geloofsekerheid in die soenverdienste van Christus te vergeet

# 2. Aan watter twee groepe gelowiges dink Paulus hier?

Uitverkorenes wat reeds gestef het
Vers 14

Uitverkorenes wat nou nog leef
Vers 15

Treur sonder hoop
Vers 13

Treur met hoop
Vers 18

# 3. Verklaar vers 16 in die lig van Handelinge 1:11 en Openbaring 1:7:

Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan;

Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

“Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

“Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het. ”

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!

Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom rou. Ja, amen!

# 3. Verklaar vers 16 in die lig van Handelinge 1:11 en Openbaring 1:7:

Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel, en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom, en diegene wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

"Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het. "

Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, selfs hulle wat Hom deurboor het; en al die volke op die aarde sal oor Hom rou. Ja, amen!

Jesus is met Sy hemelvaart opgeneem in die hemel

Jesus sal terugkom uit die hemel

Jesus se terugkeer sal vir almal sigbaar en hoorbaar wees.

## 4. Wie is die ontslapenes / wat reeds gesterf het in vers 16?

Hulle het IN CHRISTUS gesterf

→ Hulle het gesterf in die wete dat Christus hulle Verlosser is

**Handelinge 7:59:** En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!”

**Handelinge 8:2:** Vroom manne het Stefanus begrawe en uitermate oor hom gerou.

Liggaam en gees skei

Gees keer terug na God

Liggaam keer terug van die aarde

## 5. Lys die verse en tekste in die Bybel waar gelowiges op aarde nagelaat gaan word?

GEEN


6. Wat sê hierdie gedeelte oor die kronologie van gebeure tot en met die wederkoms?

Christus in hemel

Gelowige sterf in Christus

Liggaam en gees skei

## 6. Wat sê hierdie gedeelte oor die kronologie van gebeure tot en met die wederkoms?



## 6. Wat sê hierdie gedeelte oor die kronologie van gebeure tot en met die wederkoms?

# By Christus in hemel

Gees keer terug
na God

Gelowige sterf
in Christus

Liggaam keer
terug van die
aarde

6. Wat sê hierdie gedeelte oor die kronologie van gebeure tot en met die wederkoms?

## By Christus in hemel


Alle gelowiges wat sterf in Christus

## 6. Wat sê hierdie gedeelte oor die kronologie van gebeure tot en met die wederkoms?

**By Christus in hemel**

Alle gelowiges wat sterf in Christus

# 7. Beskryf die kronologie met die wederkoms




## 7. Beskryf die kronologie met die wederkoms




## 7. Beskryf die kronologie met die wederkoms

**Terselfderyd**



## 7. Beskryf die kronologie met die wederkoms

**Terselfdertyd**



**Verheerlikte liggaam**